## 13.3 RAPPORT 3 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – SKAKELDEPUTATE (Art 219)

## 13.3 REPORT 3 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO THE MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – DEPUTIES LIAISON (Art 219)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
Rev CA Jansen tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Acta 2009:288-289, 6.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Mandate**<br>Acta 2009:288-289, 6.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Die belangrikste sake wat aandag moes kry, is: kerklike administrasie, kerklike vergaderings, finansiële bestuur en -administrasie, ramings, fondse, argief, kerklike eiendomme, versorging van die predikant (KO, artt 11, 13 & 20) en die GKSA Predikante Pensioenfonds. Die doel is om hulp te bied. | 2.1 The most important matters, in need of attention, are: church administration, church assemblies, financial management and administration, estimates, funds, archive, church property, financial care of ministers (CO, arts 11, 13 & 20) and the GKSA Ministers Pension Fund. The goal is to offer support. |
| 2.2 Die terugvoering uit die meeste kerke is baie positief omdat heelwat hulp gegee kon word en inligting deurgegee kon word. | 2.2 The feedback from most of the churches were very positive, since a great deal of assistance could be offered and information conveyed. |
| 2.3 Die Deputate het 'n inligtingsboekie saamgestel, wat as handleiding deur kerke gebruik kan word. Beskikbaar op die webblad: gksa.org.za | 2.3 The Deputies has compiled an information booklet, for use by the churches. Available on the webpage: gksa.org.za |
| 2.4 Skakelwerk: dit word voortdurend gedoen en Deputate besoek plaaslike kerke soos versoek word. Hiertydens word advies gevra en gegee oor die volgende: traktering, beroeping en beroepsbriewe, kerklike finansies, finansiële samewerking, kombinasies en –aktes, bedieningsmodelle, ens. Advies word ook per e-pos en telefonies gegee (t.w.v. kostebesparing). | 2.4 Public relations work is ongoing and the Deputies visit local churches upon request, during which advice is sought and given on the following: salaries; calling and call letters; church finances; financial cooperation; combinations and deeds; ministry models, etc. Such advice is also given via e-mail and telephonically (as cost-saving measure). |
| 2.5 Ontmoetings met Kerkrade kon tot gevolg hê dat sekere agterstallige ramings ingevorder kon word. | 2.5 Meeting with Church Councils may lead to the collection of certain outstanding ramings. |
| 2.6 Die Deputate het doelwitte gestel om kerke te besoek om agterstallige | 2.6 The Deputies have set a timeframe in which to visit churches to recover |

| | |
|---|---|
| ramings en kollektes in te samel.<br>2.7 Die Skakeldeputate wil graag meewerk in die visie van die Administratiewe Buro om diens te lewer en hierin koninkryksgerig wees. Binne die raamwerk van Sinode 2012 se besluit rakende "omkeerstrategie", is die Skakeldeputate bereid om hulp te verleen aan kerke in die ontwikkeling van bediening ter wille van die uitbreiding van God se koninkryk.<br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 kennis geneem.** | outstanding ramings and collections.<br>2.7 The Deputies: Liaison wish to contribute to the vision of service of the Administrative Bureau and as such be Kingdom directed. Within the framework of Synod 2012's decision on the "turnaround strategy", these Deputies are willing to aid churches in the development of their ministries towards the growth of God's Kingdom.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.7 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>*Aanbevelings*<br>3.1 Daar weer Skakeldeputate aangewys word met die volgende opdragte: Acta 2009:285–289.<br>3.2 Die Skakeldeputate bied hulp en advies aan op versoek van plaaslike kerke.<br>**Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur** | **3. Matters that the Synod decide on**<br>*Recommendations*<br>3.1 Deputies for this kind of work are to be appointed again with the instruction (Acta, 2009:285-289).<br>3.2 To offer assistance and advice to local churches upon request.<br>**Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.** |